

# Beaumont Nuusbrief
## 24 Nov 2016




**Beste ouers, dankie! Wat 'n wonderlike uitreik was dit nie...lees verder**

**1.UT PROSIM is Beaumont se leuse en om te dien is wat die gr1,2 en 3's weereens hierdie jaar gedoen het! ♥** 2.Hierdie jaar was ons gelukkig om weer vir **Narrie en Katinks** te kon nooi. Die kinders het enoesiasties deelgeneem en gehoor van Jesus se wonderwerk van die visvangs toe dissipels eers niks kon vang nie en toe die nette op Jesus se bevel uitgegooi en BAIE vis gevang het! Die kinders het ook gehoor hoe Jesus die dissipels geroep het om Hom te volg en dat ons Hom steeds vandag moet volg. Katinks het die kinders Fil4:13 geleer en hulle ook lekker laat sing met handbewegings!Die kinders het aan hulle lippe gehang. Die sowat **101 kinders na wie uitgereik is** (wynplaaswerkers se kleuters van **Rustenhofplaas, Croydon, Babbel en Krabbel en ook Hope&light se gr 1 klas)** geniet die uitstappie baie!



3. **Die Beaumont maats het spontaan omgegee vir die klein maatjies en omgesien na hul behoeftes**-Dit was wonderlik om die week 'n Kerskaartjie van elke leerder in gr 3 klas te kry- daarin het baie dankie gesê vir die wonderlike uitreik en vertel hoe hul dit geniet het!!

4.**Daar is lekker gesing onder die bekwame hand (stem) van Tanja van Loggerenberg** wie 'n Beaumont mamma van gr R, 4 en 6 kinders is. 5. **Kuier, boeresport** en **geskenke** (in sakkies wat versier en gepak is deur die gr3's) is uitgedeel. Die **koek** was 'n hoogtepunt en is baie geniet! Dankie ouers vir milde donasies ♥ **NB Sien bl 2: foto's wat 'n storie vertel...**









Ons wys liefde aan ander kinders op tasbare manier ♥

**DANKIE VIR ELKEEN SE BYDRAE – Veral Marike en graad 3's wie pakkies versier en geskenkies en eetgoed so mooi verpak het Dankie ook almal wie gehelp het met vervoer -DIT WORD BAIE WAARDEER! Die uitreik was 'n reuse sukses! Almal stem saam dat ons dit volgende jaar weer moet doen. Ons gee aan God die eer vir hierdie dag!**




Tanja sing met die kinders en gou is almal tuis en begin mekaar leer ken! 200 kinders wat God loof en prys– hoe wonderlik!






Beaumont gee om!



Pragtig versierde sakkies –Babbel en Krabbel se kinders op foto





Xander by maats van Hope&light wie heerlik kuier op die kombers wat hy gebring het!



Heerlike koeke! Altyd n wenner!

**Bid asb vir jou kind en die bediening. Groete Celeste Steinmann 082 322 5299 of stuur e-pos na : celeste@hey.org.za**